# 3 November 2023 - Lesing 166 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Oor die Voorloper – 8/10/60

**NO: 7722** Dit sal blyk welke krag daar in My Woord is, want die harte sal hulself deur My aangespreek voel **en in liefde tot My ontbrand**. Ek maak My bekend as Vader, omdat Ek met My kinders verbonde wil wees en daarom laat Ek My Liefdestraal in die harte val van **hulle wat van goeie wil is**.

**Maar slegs aan die wat lig wil hê of die mense wat die stem van die Vader herken**. Die geringste weerstand verminder die krag van My Woord en hierdie weerstand bring die mens self te weeg as hy **nog sonder liefde is.**

Dan laat hy homself nie deur My aanspreek nie en bly die krag van My Woord ook sonder uitwerking. Dan klink My Woord vir die mens nie anders as 'n mens se woord nie en hulle wys dit af.

Maar My kinders luister na My Woord en Ek leer My kinders aldus: Maak julle vry van verwarde gedagtes, deurdat julle **tot My Self bid** om waarheid en verligting van julle denke.

Julle probeer voortydig indring in gebiede wat Ek nou nog vir julle geslote hou, julle maak gevolgtrekkings wat verkeerd is. Julle hou julleself in julle gedagtes besig met dinge, waarvoor die tyd nog nie aangebreek het om dit te weet nie.

Julle raai maar oor die lot en die koms van die Voorloper, maar julle maak verkeerde gevolgtrekkings. Ek het vir julle gesê dat julle hom sal herken, dit wil sê, julle hoef nie te vra nie, **julle sal weet dat dit hy is** wanneer hy in die openbaar tree. Maar as die uur van sy optrede nog nie aangebreek het nie, hoef julle hom ook nie te soek of in 'n medemens te vermoed nie, - **want hy kom daarvandaan waar julle hom die minste sal verwag.**

Hy is nie iemand van hierdie wêreld nie en hy gaan sy weg soos elke ander mens, **maar al sy denke en strewe sal op My gerig wees,** ofskoon sy missie nog nie aan hom bekend is nie. Maar sy gees sal hom 'n helder insig gee oor sy missie en oor homself, wanneer die tyd aangebreek het dat hy moet optree.

Ek sê dus nou, (1960) dat dit nog 'n tyd sal duur voordat dit sal gebeur. So verlig sal hy wees dat sy lig in die wye omtrek sal straal en dat julle almal wat My wil dien, julleself in sy lig sal kan verwarm wanneer die **tyd van geestelike nood** aangebreek het, wanneer die **laaste fase voor die einde** sal intree en die **geloofstryd** sal ontbrand.

Glo egter vooraf geen enkele gees wat dink dat hy meer daaroor weet nie, want as hierdie kennis nodig sou wees, sou Ek julle Self daaroor onderrig het. Wat julle egter deur die mond van die mense vertel word, neem dit versigtig aan en laat julle nie mislei word nie.

God se Gees spreek Homself nie teen nie en julle moet self **ondersoek waar My Gees aan die werk is** en welke gees julle glo.

Ek het wel die Voorloper vir julle aangekondig en dat hy weer as **roepende in die woestyn** sal kom voor My Wederkoms, maar sy verskyning sal nog ietwat op hom laat wag, omdat daar nog 'n kort tydjie vooraf moet gaan waarin daar vlytig vir My Ryk gearbei moet word en omdat julle dan self die tyd sou kon vasstel indien sy koms bekend sou wees.

Ek hou nog die sluier gesprei oor die tyd van sy optrede, **want dan is My Koms ook verseker**. **Dan is die einde naby,** want hy sal maar 'n **kort tydjie** op aarde arbei, - wat egter voldoende sal wees om die mense uit hulle starheid van die dood wakker te laat skrik.

Want dit is die doel van sy verskyning:

1. Om hulle te red wat nog weifel,
2. om hulle te versterk wat aan My getrou wil bly
3. en My en My Koms aankondig.

En ofskoon die tyd ook nie veraf af is nie, moet daar tog nog enkele periodes verbygaan. Dan sal egter onherroeplik vervul word wat aan julle verkondig is deur woord en geskrif. Amein.

***Maleagi 4:5*** *Kyk, Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW]* ***voordat*** *die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*